Groete van Precept

Ons is so bly dat jy gekies het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help om waardig jou roeping in Jesus Christus te wandel. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van al die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil jou storie hoor van hoe God jou aangeraak het as gevolg van induktiewe studie.

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op *Facebook* by *Precept Africa*.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord om jou ***"beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny"*** (2 Timótheüs 2:15, *1953-Afrikaanse Vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept span

Voorskrif op Voorskrif®

# 1 Timótheüs

## DIE GEMEENTE, DIE PILAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID

# VOORSKRIF OP VOORSKRIF

## 1 Timótheüs
## DIE GEMEENTE, DIE PILAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID

ALL RIGHTS RESERVED.
This work is a translation from the original English language edition of
1 TIMOTHY: THE CHURCH. THE PILLAR AND SUPPORT OF THE TRUTH!,
authored by Kay Arthur.
© 2017 Precept Ministries International, Chattanooga, Tennessee, U.S.A.
Used with permission.

ALLE REGTE VOORBEHOU.
*Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International The Inductive Bible Study people, the Plumb Bob design, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God's Word* en *Transform Student Ministries*
is handelsmerke van Precept Ministries International.

Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligting-bergingstelsel. Gebruik met toestemming.

Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1933, 1953

1ste Uitgawe
Mei 2020

PRECEPT AFRICA
Posbus 539 | Howard Place | 7450 | SUID-AFRIKA
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (021) 531-1836

Gedruk deur Bevan Groep, Suid Afrika
Junie 2020

# INHOUD


| BLADSY | LES |
|---|---|
| 1 | LES EEN: Oorsig |
| 13 | LES TWEE: Hoofstuk Een |
| 29 | LES DRIE: Hoofstuk Twee |
| 39 | LES VIER: Hoofstuk Drie |
| 53 | LES VYF: Hoofstuk Vier |
| 69 | LES SES: Hoofstuk Vyf |
| 85 | LES SES: Hoofstuk Ses |
|  | BYLAAG |
| 105 | Waarnemingswerkblaaie |
| 117 | 1 Timótheüs-oorsigwerkblad |
| 119 | Opeenvolging van gebeure in Paulus se lewe ná sy bekering |
| 121 | Kaart |
| 122 | Hoe om ’n hoofstukstudie te doen |

## STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE
How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 1994/2010.*

The New Inductive Study Bible — New American Standard Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000.*

Griekse Woordstudiehulpmiddels

## AANBEVOLE KOMMENTARE

HIEBERT, D. EDMOND
Everyman's Bible Commentary: First Timothy
*Chicago, Illinois: Moody Press, 1957*

THOMAS, ROBERT L.; EARLE, RALPH; HIEBERT, D. EDMOND
The Expositor's Bible Commentary: 1, 2 Thessalonians; 1, 2 Timothy, Titus
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1996*

WALVOORD, JOHN F.; ZUCK, ROY B. EDS.
The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures — New Testament
*Wheaton, Illinois: Victor Books, 1983-c1985*

LEA, THOMAS D.; GRIFFEN, HAYNE P.
The New American Commentary: Volume 34: 1, 2 Timothy, Titus
*Nashville, Tennessee: B & H Publishing Group, 1992*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

Logos Bybelsagteware

Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse woordeboeke ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding — ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept South Africa*
*Ringwood Rylaan 187*
*Pinelands, 7405, Suid-Afrika*



# LES EEN
# Oorsig

HIERDIE LES SLUIT IN

In die bylaag:

- Waarnemingswerkblaaie van 1 Timótheüs
- Opeenvolging van gebeure in Paulus se lewe ná sy bekering
- 1 Timótheüs-oorsigwerkblad
- Kaart

**Steeds ongestoord na twee jaar onder huisarres in Rome, was Paulus gretiger as ooit om God se gehoorsame dienskneg te wees wat besig was om sy goddelike roeping te vervul, naamlik om die bruid van Christus, die kerk, op te bou en te koester. Dít het die strategiese gebruik van sý tyd en moeite, sowel as dié van hulle wat God onder sy leiding geplaas het, vereis.**

**Dít sou hy deur die skryf van briewe doen. Ons weet nie hoeveel nie, maar dié wat deur God bewaar is, was essensieel vir die toekoms van die Christendom en is om daardie rede deur manne van God in die kanon van die Skrif ingesluit.**

**Elke brief het sy eie unieke en spesiale plek in die Nuwe Testament, sodat God se kinders deur die eeue heen alles wat tot die lewe en die godsaligheid dien, sou ontvang.**

**Dit is ons gebed dat jou studie van 1 Timótheüs in jou lewe as man of vrou van God op 'n ewig betekenisvolle manier gebruik sal word.**

## DAG EEN

Ons enigste doel vandeesweek is om 'n goeie oorsig van 1 Timótheüs te verkry, om vertroud te raak met die algemene inhoud van die brief, die konteks daarvan en God se rede waarom Hy dit vir ons bewaar het.

1. Die Bybel is 'n God-geïnspireerde samestelling van ses-en-sestig boeke wat met verloop van 1 400 tot 1 800 jaar deur meer as veertig God-verordineerde outeurs uit alle vlakke van die samelewing geskryf is. Dit is die onvervalste waarheid, die brood waarvan ons veronderstel is om te leef. Dit is die Woord van God.

© 2020 Precept South Africa 

Daarom beveel ons sterk aan dat jy, elke keer wanneer jy God se Woord bestudeer, die hulp van sy Gees sal soek om jou te help om te verstaan wanneer dit geskryf is, waarom dit geskryf is en wat God bedoel jy moet weet wat tot die lewe en die godsaligheid dien (2 Petrus 1:1-4).

2. Goed, noudat jy gebid het, gaan ons vasstel waaroor die brief handel. Wanneer jy met ’n brief te doen kry — 'n lang brief met 'n betekenisvolle inhoud — is dit nuttig om dit meer as een keer deur te lees. Met die eerste keer wanneer jy lees, verkry jy ’n breë beeld van wie die outeur is en waaroor dit handel — die doel van die skrywe.

   Dit is waar ons sal begin.

   a. Lees 1 Timótheüs om jou te vergewis van die algemene inhoud van die brief. Jy sal die teks van 1 Timótheüs in die bylaag van jou werkboek vind.

   b. Lees nou slegs 1 Timótheüs hoofstuk 1 en merk verwysings na die outeur in kleur. Merk die naam van die outeur en voornaamwoorde in die eerste persoon enkelvoud — elke *ek* en *my*. Sommige van ons merk die naam van die outeur dwarsdeur die Nuwe Testament in dieselfde kleur, byvoorbeeld donkerblou.

   c. Lees weer die hoofstuk en merk hierdie keer alle verwysings na die ontvanger — wat jy teen hierdie tyd weet Timótheüs is — op grond van die titel van die brief en die tweede vers van hoofstuk 1. (Terloops, die hoofstuk- en versindelings is eers in die 1500s aan die Bybel toegevoeg.)

      Merk die voornaamwoorde *jy* en *jou* en alle sinonieme wat Paulus vir Timótheüs gebruik. Sommige mense merk die ontvangers met oranje.

   d. Wat leer jy deur die outeur en die ontvanger te merk? Aan die einde van hierdie les is daar ’n tabel waarop jy kan aanteken wat jy omtrent Paulus en Timótheüs leer, saam met die hoofstuk- en versnommer van elke verwysing.

3. In die bylaag sal jy ’n tabel onder die opskrif **Opeenvolging van gebeure in Paulus se lewe ná sy bekering**, sowel as ’n kaart vind.

   a. Raadpleeg die tabel om vas te stel in watter jaar Paulus 1 Timótheüs geskryf het en watter gebeure die skrywe van die brief voorafgegaan het.


© 2020 Precept South Africa

b. Identifiseer die ligging van die plekke wat in 1 Timótheüs 1:3 genoem word, op die kaart.

4. Lys alle onderwerpe wat jy in die eerste hoofstuk waargeneem het.

5. Om vandag af te sluit: Het jy enigiets gelees wat van toepassing kan wees op die tyd waarin ons leef? Indien wel, wat ... en waarom? Skryf jou antwoord neer.

## DAG TWEE

1. Begin vandag met gebed. Daarna gaan jy voort met die prosedure soos hoofstuk 1:
   a. Lees en merk verwysings na die outeur in hoofstuk 2 en 3.
   b. Lees hoofstuk 2 en 3 weer 'n keer en merk die ontvanger.
   c. Lys alles wat jy omtrent hulle leer, op die tabel aan die einde van die les.

2. Lys die onderwerpe wat jy waarneem in
   a. hoofstuk 2.

© 2020 Precept South Africa

b. hoofstuk 3.

3. Het jy in hierdie stadium, nadat jy die eerste drie hoofstukke van Paulus se brief gelees het, enige insigte met betrekking tot die rede waarom Paulus geskryf het wat hy tot dusver in die brief geskryf het? Indien wel, skryf dit neer.

4. Het jy enigiets raakgesien wat vandag vir ons as kinders van God van waarde kan wees? Skryf dit neer en praat dan met God daaroor.

## DAG DRIE

1. Bid en gaan voort met jou oorsig van 1 Timótheüs.

   a. Lees 1 Timótheüs 4 een maal en merk verwysings na die outeur. Lees dit weer en merk die ontvanger. Lys alles wat jy omtrent hulle leer op die tabel aan die einde van die les.

   b. Doen dieselfde met hoofstuk 5.


© 2020 Precept South Africa

2. Lys nou enige onderwerpe wat jy raaksien in

   a. hoofstuk 4.

   b. hoofstuk 5.

3. Is daar enigiets uit hoofstuk 1-5 wat jou aandag getrek, en daartoe gelei het dat jy eers gewag het en op ’n persoonlike vlak nagedink het oor wat jy lees? Indien wel, lys dit hieronder.

© 2020 Precept South Africa

## DAG VIER

1. Vandag sal dit makliker gaan omdat ons by die laaste hoofstuk van Paulus se brief aan Timótheüs gekom het. Neem hoofstuk 6 op dieselfde manier waar as die eerste vyf hoofstukke.

2. Lys die onderwerpe wat jy in hierdie hoofstuk raakgesien het.

3. Deur slegs op die eerste waarneming van 1 Timótheüs 6 te steun, lys minstens drie maniere waarop die inhoud van dié hoofstuk toepaslik is vir hulle wat bely dat hulle Christene is.

*Indien jy al jou opdragte tot dusver gedoen het, sê ons: "Welgedaan!" Indien nie, waarom nie? Wat het jou verhinder? Was daar enigiets waarvoor jy "nee" kon sê sodat jy meer tyd tot jou beskikking kon hê? Was dit iets wat belangriker was as die bestudering van God se Woord?*

*Bogenoemde is goeie vrae om te vra indien jy beter voorbereid wil wees om by jou voorneme te bly om God te eer deur sy Woord te bestudeer. Onthou, jy moet die wedloop voltooi om die prys te ontvang.*


© 2020 Precept South Africa

## DAG VYF

1. Terwyl ons die eerste studie-week van 1 Timótheüs afhandel, moet jy nadink oor die boek as geheel. God het vier persoonlike briewe van Paulus, wat aan drie individue gerig is, in sy Boek ingesluit: Timótheüs, Titus en Filémon. Vra dus jouself af waarmee Paulus in 1 Timótheüs besig was. Waarom is 1 Timótheüs bewaar en in God se Woord, die Heilige Bybel, ingesluit?

   Bid en doen dan die volgende:

   a. Hersien wat jy in hierdie brief en die inhoud van elke hoofstuk omtrent Paulus en Timótheüs waargeneem het.

   b. Blaai terug na die tabel Opeenvolging van gebeure in Paulus se lewe ná sy bekering. Wat is die historiese agtergrond van hierdie brief ... waar pas dit in die tyd en lewens van Paulus en Timótheüs?

   c. Na watter kategorieë of groepe mense word daar in hierdie brief verwys?

2. Paulus het na Timótheüs verwys as sy ware kind in die geloof. Kom ons doen ’n paar kruisverwysings aangaande die geskiedenis van hul verhouding. Slaan elke teks na en skryf neer wat jy leer. Jy mag die kaart in die bylaag raadpleeg.

© 2020 Precept South Africa

a. Op Paulus se eerste sendingreis is hy saam met Bárnabas na Listre. Lees Handelinge 14:8-23 en skryf die hoofgebeure neer.

b. Ons gaan vervolgens vasstel wat by Listre gebeur het toe Paulus saam met Silas op sy tweede sendingreis vertrek het. Lees Handelinge 15:40-16:3 en skryf neer wat jy leer.

c. Lees nou 2 Timótheüs 3:10-11.


© 2020 Precept South Africa

d. Dink hieroor: Paulus het 'n tweede keer na Listre gegaan na wat tydens sy eerste besoek gebeur het! Wat leer jy hieruit omtrent Paulus? En vir wie sou Paulus misgeloop het as hy versuim het om na Listre terug te keer ná die moeilike tyd wat hy vantevore daar beleef het? Is daar iets hieruit te leer vir jou eie lewe?

*Begin jy ooit 'n dag deur God te vra om jou voetstappe te rig en jou sensitief te maak vir sy leiding? Dit kan beslis help as dinge nie volgens jou keuse verloop nie.*

3. In die bylaag sal jy 'n tabel onder die opskrif 1 Timótheüs-oorsigwerkblad vind.

   a. Jy het gelees waarom Paulus 1 Timótheüs geskryf het. Skryf dit onder "Doel", saam met die nommer van die hoofstuk en vers waar jy die inligting gevind het.

   b. Vul nou die "Outeur" en die "Datum" in. Jy het laasgenoemde gevind op die tabel Opeenvolging van gebeure in Paulus se lewe ná sy bekering.

   c. Tot sover vandag, maar ons sal voortgaan om hierdie tabel dwarsdeur ons studie van 1 Timótheüs te gebruik.

4. Dink jy hierdie brief geld steeds vir die kerk vandag? Waarom?

© 2020 Precept South Africa 

5. Ten slotte: Hoe toegewyd is jy aan die studie van God se Woord en die ontdekking van die waarheid? Of verkies jy eenvoudig dat iemand anders aan jou voorsê wat om te glo? Het jy enigiets in 1 Timótheüs raakgesien wat jou teen hierdie gebruik waarsku?

*Precept South Africa is druk besig om kinders, tieners en volwassenes in God se Woord te vestig, omdat ons Precept studente wêreldwyd Jesus se opdrag in Matthéüs 28:18-20 verstaan het:*

> *En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."*

*Gevolglik het hierdie studente hulself gedissiplineer om die induktiewe metode aan te leer. Aangesien hierdie studies in baie tale vertaal is, word hulle wêreldwyd gebruik om dissipels te maak ... dikwels ten koste van hul eie vryheid of hul lewens. Waarom? Omdat God self hulle geleer het en hulle van sy verordeninge nie sal afwyk nie (Psalm 119:102).*

*Bid saam met ons dat die liggaam van Jesus Christus, elke waaragtige lidmaat van sy kerk, sal besef dat hulle 'n pilaar en grondslag van die waarheid is en dat hulle dienooreenkomstig behoort te leef, ongeag die koste.*


© 2020 Precept South Africa

| | |
|---|---|
| ONTVANGER | |
| OUTEUR | |

© 2017 Precept International

ONTVANGER

OUTEUR


© 2017 Precept International

# 1 TIMÓTHEÜS 1

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ______________________________________________

PAULUS, 'n apostel van Jesus Christus, volgens die bevel van God, ons
Verlosser, en van die Here Jesus Christus, ons Hoop,
**2** aan Timótheüs, my ware kind in die geloof: Genade, barmhartigheid, vrede
van God onse Vader en Christus Jesus, onse Here!
**3** SOOS ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese
wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie,
4 en hulle nie besig hou met fabels en eindelose geslagsregisters nie, wat net
twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is.
5 Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n
ongeveinsde geloof
6 waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies;
7 hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat
hulle beslis beweer, nie verstaan nie.
**8** Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik
9 en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die
wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes,
vadermoorders en moedermoorders, moordenaars,
10 hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders
met die gesonde leer in stryd is,
11 volgens die evangelie van die heerlikheid van die salige God wat aan my
toevertrou is.

© 2017 Precept International

**12** En ek dank Hom wat my krag gegee het, Christus Jesus, onse Here, dat Hy my getrou geag en in die bediening gestel het,

13 my wat vroeër 'n lasteraar en 'n vervolger en 'n geweldenaar was. Maar aan my is barmhartigheid bewys, omdat ek dit onwetend gedoen het in ongeloof.

14 En die genade van onse Here was baie oorvloedig met geloof en liefde wat in Christus Jesus is.

15 Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.

16 Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe.

17 Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.

**18** Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timótheüs, ooreenkomstig die profesieë wat vroeër aangaande jou uitgespreek is, sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry

19 en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou. Sommige het dit van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely,

20 onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.


© 2017 Precept International

# 1 TIMÓTHEÜS 2

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ______________________________________________

IN die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge
gedoen moet word vir alle mense;
2 vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei
in alle godsvrug en waardigheid.
3 Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser,
4 wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.
5 Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens
Christus Jesus,
6 wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd,
7 waartoe ek aangestel is as 'n prediker en apostel — ek sê die waarheid in
Christus, ek lieg nie — 'n leraar van die heidene in geloof en waarheid.
**8** Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef
sonder toorn en twis.
9 SO ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met
beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare
klere nie,
10 maar, soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely, met goeie werke.
11 Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid.
12 Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie,
maar sy moet haar stil hou.

© 2017 Precept International

13 Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva.

14 En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom.

15 Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid.

# 1 TIMÓTHEÜS 3

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ____________________________________________

DIT is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk.

2 'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;

3 geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;

4 een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.

5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

6 Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.

7 Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.

**8** Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie,

9 manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou.

10 En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien.

© 2017 Precept International

11 Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles.

12 Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huis goed regeer.

13 Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle ’n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

**14** Ek skryf jou hierdie dinge in die hoop om gou na jou te kom.

15 Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, ’n pilaar en grondslag van die waarheid.

16 En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.


© 2017 Precept International

# 1 TIMÓTHEÜS 4

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ______________________________

MAAR die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof
afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang
2 deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete,
3 wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van
voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die
gelowiges en die wat die waarheid ken.
4 Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit
met danksegging ontvang word nie;
5 want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.
**6** AS jy hierdie dinge aan die broeders voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Jesus
Christus wees terwyl jy jouself voed met die woorde van die geloof en van die
goeie leer waarvan jy 'n navolger geword het.
7 Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid.
8 Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid
is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die
toekomende lewe het.
9 Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word;
10 want hiervoor arbei ons ook en word ons gesmaad, omdat ons gehoop het
op die lewende God wat 'n behouder is van alle mense, insonderheid van
die gelowiges.

© 2020 Precept South Africa

**11** Beveel en leer hierdie dinge.

12 Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid.

13 Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering.

14 Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge.

15 Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat jou vooruitgang vir almal duidelik kan wees.

16 Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor.


© 2017 Precept International

# 1 TIMÓTHEÜS 5

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ______________________________________________

’N BEJAARDE man moet jy nie hard bestraf nie, maar vermaan hom soos ’n vader, jongeres soos broers,

2 bejaarde vroue soos moeders, jongeres soos susters in alle reinheid.

**3** Eer die weduwees wat waarlik weduwees is.

4 Maar as ’n weduwee kinders of kleinkinders het, laat hulle eers leer om teenoor hulle eie huis eerbied te betoon en vergelding te doen aan hulle ouers; want dit is goed en aangenaam voor God.

5 En sy wat waarlik weduwee is en alleen gelaat is, hoop op God en bly in smekinge en gebede nag en dag.

6 Maar sy wat losbandig is, is lewendig dood.

7 Beveel ook hierdie dinge, sodat hulle onberispelik kan wees.

8 Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as ’n ongelowige.

**9** Laat ’n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het

10 en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het.

11 Maar jy moet die jong weduwees afwys; want wanneer hulle tot oneer van Christus wellustig word, wil hulle trou

12 en kom onder ’n oordeel, omdat hulle hul eerste geloof verwerp het.

© 2020 Precept South Africa

13 En tegelykertyd leer hulle ook om ledig by die huise rond te gaan; en nie alleen is hulle ledig nie, maar ook praatsiek en bemoeisiek, want hulle praat wat nie behoorlik is nie.

14 Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer en die teëparty geen aanleiding gee om kwaad te spreek nie.

15 Want sommige het al afgewyk agter die Satan aan.

16 As 'n gelowige man of 'n gelowige vrou weduwees by hulle het, moet dié aan hulle hulp verleen; en laat die gemeente nie beswaar word nie, sodat dit die wat waarlik weduwees is, kan help.

**17** LAAT die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.

18 Want die Skrif sê: Jy mag 'n os wat graan dors, nie muilband nie; en: Die arbeider is sy loon werd.

19 Moenie 'n beskuldiging teen 'n ouderling aanneem nie, behalwe op die getuienis van twee of drie.

20 Bestraf die wat sondig, in die teenwoordigheid van almal, sodat ook die ander kan vrees.

21 Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en die uitverkore engele dat jy hierdie dinge sonder vooroordeel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie.

22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein.

**23** Moenie langer water alleen drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou herhaalde ongesteldhede.

**24** Die sondes van sommige mense is baie duidelik en gaan voor hulle uit tot die oordeel, maar volg ander eers agterna.

25 Net so is ook die goeie werke baie duidelik, en ook die wat anders is, kan nie weggesteek word nie.


© 2017 Precept International

# 1 TIMÓTHEÜS 6

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ____________________________________________

ALMAL wat diensknegte is onder 'n juk, moet hulle eie here alle eer waardig ag, sodat die Naam van God en die leer nie belaster mag word nie.

2 En die wat gelowige here het, moet hulle nie verag omdat hulle broeders is nie, maar moet hulle des te meer dien, omdat hulle wat die weldade ontvang, gelowiges en geliefdes is. Leer hierdie dinge en wek daartoe op.

**3** AS iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie,

4 dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog,

5 nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense.

6 Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins.

7 Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie.

8 Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees.

9 Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang.

10 Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.

© 2020 Precept South Africa

**11** Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid,
godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid.
12 Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook
geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.
13 Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en
van Christus Jesus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het,
14 dat jy die gebod onbevlek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse
Here Jesus Christus
15 wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning
van die konings en Here van die here,
16 wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens
gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen.
**17** Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en
ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die
lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet;
18 dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam,
19 en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die
ewige lewe kan verwerf.
**20** O Timótheüs, bewaar jou pand en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en
teëwerpinge van die valslik sogenaamde kennis,
21 waarvan sommige belydenis gedoen het en, wat die geloof betref, op 'n dwaalweg
geraak het. Mag die genade met jou wees! Amen.


© 2017 Precept International

## 1 TIMÓTHEÜS-OORSIGWERKBLAD

Boektema: ____________________________________________

Hoofstuktemas

Outeur:

Datum:

Doel:

Sleutelwoorde:

| |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |
| 4 |
| 5 |
| 6 |

© 2020 Precept South Africa

## OPEENVOLGING VAN GEBEURE IN PAULUS SE LEWE NÁ SY BEKERING*

** Menings verskil oor hierdie datums. Ter wille van kontinuïteit word hierdie tabel as basis gebruik vir die datums wat op Paulus se lewe betrekking het.*

| Skrifverwysing | Jaartal n.C. | Gebeurtenis |
|---|---|---|
| Handelinge 9:1-25 | 33 - 34 | ➔ **Bekering, tyd in Damaskus** |
| | 35 - 47 | ➔ **Versluierde jare, behalwe dat ons weet dat Paulus:** (14 jaar, Galásiërs 2:1) |
| Galásiërs 1:17 | | 1. Arabië en Damaskus besoek het (3 jaar) |
| Handelinge 9:26; Galásiërs 1:18 | | 2. Eerste besoek aan Jerusalem (3 jaar) |
| Handelinge 9:30-11:26; Galásiërs 1:21 | | 3. Reis na Tarsus en die Síríë-Cilíciё-gebied |
| Handelinge 11:26 | | 4. Was saam met Bárnabas in Antiochíë |
| Handelinge 11:27-30 | | 5. Paulus en Bárnabas hulp na broeders in Judéa gevat; Paulus se tweede besoek aan Jerusalem |
| Handelinge 12:23 | 44 | Herodes Agríppa I sterf |
| Handelinge 12:25-13:3 | | 6. Keer terug na Antiochíë; uitgestuur saam met Bárnabas deur die gemeentes in Antiochíë |
| Handelinge 13:4-14:26 | 47 - 48 | ➔ **Eerste sendingreis:** *skryf Galásiërs (?)* Goewerneur Sérgius Paulus van Pafos |
| Handelinge 15:1-35 | 49 | Apostoliese Raad in Jerusalem — Paulus besoek weer Jerusalem *skryf Galásiërs (?)* |
| Handelinge 15:36-18:22 | 49 - 51 | ➔ **Tweede sendingreis:** *skryf 1 en 2 Thessalonicense* 1½ jaar in Korinthe, Handelinge 18:11 |
| | 51 - 52 | Histories bekend dat Galio goewerneur in Korinthe was |
| Handelinge 18:23-21:17 | 52 - 56 | ➔ **Derde sendingreis:** *skryf 1 en 2 Korinthiërs en Romeine* 1 Korinthiërs vanuit Éfese, 2 Korinthiërs vanuit Macedónië, Romeine vanuit Korinthe |
| Handelinge 21:17-23:35 | 56 | Paulus vertrek na Jerusalem en word gearresteer; word aangehou in Cesaréa |
| Handelinge 24-26 | 57 - 59 | Verskyn voor Felix en Drusílla; voor Festus — appelleer by keiser; verskyn voor Agríppa |
| Handelinge 27-28:15 | 59 - 60 | Paulus reis vanaf Cesaréa na Rome |
| Handelinge 28:16-31 | 60 - 62 | Eerste Romeinse gevangenskap: *skryf Efésiërs, Filémon, Kolossense en Filippense* — twee jaar in gevangenskap |
| | 62 | Paulus vrygelaat; reis moontlik na Spanje |
| | 62 | Paulus in Macedónië: *skryf 1 Timótheüs* |
| | 62 | Paulus vertrek na Kreta |
| | | *skryf Titus* |
| | 63 - 64 | Paulus na Rome geneem en in gevangenskap geplaas: *skryf 2 Timótheüs* |
| | 64 | Paulus verlaat sy liggaam en is teenwoordig by die Here |

*(Ander skat Paulus se bekering ongeveer 35 n.C. en sy dood in 68 n.C.)*

© 2020 Precept South Africa


ILLÍRIKUM
MACEDÓNIË
THRACIË
SAMOTHRÁCE
Swart See
RYK VAN POLEMOON
KAPPADÓCIË
GALÁSIË
BITHÍNIË EN PONTUS
(TURKYE)
ASIË
MÍSIË
FRÍGIË
PISÍDIË
LIKAÓNIË
CILÍCIË
PAMFÍLIË
LICIË
SÍRIË
FENÍCIË
JUDÉA
ARABIË
EGIPTE
CIPRUS
RHODUS
KRETA
MALTA
SICILIË
ITALIË
ACHÁJE
(Griekeland)
Adriatiese See
Egeïese See
Middellandse (Groot) See
Golf van Sidra
Rome
Beréa
Thessaloníka
Apollónië
Amfípolis
Filíppi
Neápolis
Troas
Assus
Éfese
Hiërápolis
Kolosse
Laodicéa
Antiochië (Pisídië)
Ikónium
Listre
Derbe
Tarsus
Antiochië (Siriese)
Damaskus
Sidon
Tirus
Cesaréa
Jerusalem
Alexandrië
Athéne
Korinthe
Kenchréë
100 MYL

## HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
### KOM ONS BEGIN!

*'n **Hoofstukstudie** help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.*

- LEES MET 'N DOEL

Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

Oor ***wie*** handel hierdie gedeelte?
***Wanneer***?
***Waar*** was die Woord?
***Wie*** is die Woord?
***Wat*** het die Woord gedoen?

Elke hoofstuk of vers sal nie al die 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die teks deurgaans in jou gedagtes ondervra terwyl jy dit lees.

- MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES

*Merk sleutelwoorde en -frases en stel lyste op wat help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.*

SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

Byvoorbeeld: ***Woord*** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

- LYSTE

Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk omtrent elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

'n LYS is 'n samestelling van feite omtrent 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

'n Lys oor ***Woord*** uit Johannes 1 kan as volg begin:

*was in die begin, v. 1*
*was met God, v. 1*
*was God, v. 1*
*was in die begin by God, v. 2*


© 2020 Precept South Africa

- MERK EN EVALUEER

KONTRASTE — dinge wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is.
Om 'n kontras te merk plaas so 'n merkie in die kantlyn van die vers(e): .

Johannes 1:17: *"Want die **wet** is deur Moses gegee; (maar) die **genade** en die waarheid het deur Jesus Christus gekom."*

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans.*

Johannes 4:2: *"Alhoewel Jesus self nie gedoop het nie, **maar** sy dissipels . . ."*

VERGELYKINGS — wys ooreenstemmende dinge in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: . Let op na die woord *soos* . . .

Johannes 1:14: *". . . en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid **soos** van die Eniggeborene wat van die Vader kom . . ."*

TERME VAN GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: .

Let op na woorde soos *daarom, dus, gevolglik, want, omdat, om hierdie rede* ens.

Johannes 1:7: *"Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, **sodat** almal deur hom sou glo."*

UITDRUKKINGS VAN TYD — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, . Let op na woorde soos *toe, daarna, wanneer, totdat, die dag van . . ., in die sterf jaar van . . .* ensovoorts.

Johannes 1:2: *"Hy was **in die begin** by God."*

- IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die Waarnemingswerkblaaie wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Dit word aangedui deurdat die teksversnommers in vetgedrukte-syfers gedruk is. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraaf-simbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hooffeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8:
**6** *Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was.*
Johannes getuig van die Lig
7 *Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo.*
8 *Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531 1836 te skakel, vind dit op ons webwerf by shop.precept.org.za of besoek Precept South Africa by Ringwood Rylaan 187, Pinelands, 7450, Suid-Afrika.

© 2020 Precept South Africa

## OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by ‘n verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme en alle plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke aksie — elke dag — geslyp sal word deur hul verhouding met Hom.

Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad — elke dag —deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept ‘n Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

## ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daaroor nagedink het, is daar iets nuuts vir jou om te glo of te doen, of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van 'n volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

As jy ons passie, om mense in God se Woord te vestig, met ons deel nooi ons jou om by ons aan te sluit! Sal jy dit biddend oorweeg om 'n maandelikse bydrae tot die bediening te maak? Om dit te doen, kan jy die bedrag waarop jy besluit het, elektronies oorbetaal aan precept.org.za/get-involved/support-us, of die bedrag direk oordra na ons bankrekening. Stuur 'n e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

PRECEPT MINISTRIES<br>
Standard Bank, Rondebosch tak<br>
Rekeningnommer: 078 203 716<br>
Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

## KOOP MET 'N PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!